

## Sonenergie en volhoubare gemeenskapsgebaseerde ontwikkeling

Volhoubare gemeenskapsgebaseerde ontwikkeling is belangrik in die landelike gebiede van Afrika suid van die Sahara, Indië, Asië en uitgestrekte dele van Suid-Amerika. Waar daar sonenergie is, is daar die kapasiteit om sontoepassings te gebruik om entrepreneursgeleenthede vir plaaslike gemeenskappe te skep. Sonenergie word ook gebruik om die afhanklikheid van duur en omgewingsbeskadigende fossielbrandstof, soos olie en gas, te verlaag. In gemeenskappe wat afhanklik is van die versameling van hout word tyd en geld bespaar as hulle sonenergie kan gebruik om water vir was- en kookdoeleindes te verhit.

Skoonenergie-sonstowe word reeds gebruik om grondbone te rooster (Namibië), brood te bak (Gambië) en tamaties uit te droog (Afghanistan). In Meksiko word gedroogde produkte onder die handelsnaam 'La sazón del sol' verhandel, wat Spaans is vir 'Die heerlike smaak van die son'.<sup>1</sup>

In 'n poging om die uitdagings verbonde aan geslagskwessies en geslagsongelykheid te bowe te kom, word songemeenskapsgebaseerde ontwikkelingsprogramme dikwels op landelike vroue gerig. Hierdie vroue het beperkte hulpbronne en die doel van hierdie projekte is om die wanbalanse in geslagskwessies deur vaardigheidsontwikkeling en volwasse onderwys reg te stel.



**Sonbroodoonde in Burkina Faso** (Bron: [www.seedinit.org](http://www.seedinit.org))

Die 'hibriede sonbroodoond', wat deur 'n skoon tegnologie-maatskappy genaamd ISOMET ontwikkel is, het die 2011 SEED-toekenning (Energie-kategorie) gewen.<sup>2</sup> Die sonoond gebruik sonenergie wat met 'n 16 m<sup>2</sup>-Sheffler-sonskottel versamel word om tot 1 000 Franse brode per dag te bak. Elke oond verskaf ook werk aan drie mense en bespaar daaglik tot 40 kg hout. Op bewolkte dae kan die oond gas gebruik om te verseker dat klante elke dag 'n vars baksel brood kan ontvang. Die Solar Food Network<sup>3</sup> (’n internasionale NRO) en die SNV Netherlands Development Cooperation het finansiële en tegniese bystand vir die projek verskaf.

Die video oor sonvoedselverwerking in Burkina Faso<sup>4</sup> bied waardevolle insig in die manier waarop die mense se lewens verander is deur die toepassing van kleinskaalse sonenergievervaardiging.

<sup>1</sup> Michael Götz, [www.cocinasolarmexico.com.mx](http://www.cocinasolarmexico.com.mx)

<sup>2</sup> Die SEED Initiative is 'n organisasie wat in vennootskap met die Verenigde Nasies se Omgewingsprogram (UNEP) en die Verenigde Nasies se Ontwikkelingsprogram (UNDP) saamwerk. Dit gee erkenning aan kleinskaalse entrepreneurs wat hulle beywer vir armoedeverligting, groener ekonomieë en maatskaplike insluiting. Volg die skakel [www.seedinit.org](http://www.seedinit.org) vir meer inligting.

<sup>3</sup> Solar Food Processing Network, [www.solarfood.org](http://www.solarfood.org)

<sup>4</sup> [www.youtube.com/watch?v=AYueX1BZSr4](http://www.youtube.com/watch?v=AYueX1BZSr4)

## Vrae

1. In watter land word die sonbroodoond gebruik?
2. Hoeveel brode kan op een dag in 'n oond gebak word?
3. As 40 kg brandhout per dag bespaar word, hoeveel kg brandhout sal in een maand bespaar word?
4. Hoekom is dit nodig om 'n oond te hê wat gas asook sonenergie gebruik?
5. In volhoubare ontwikkeling is maatskaplike, omgewings- en ekonomiese impakte belangrik vir elke projek, ook vir sonoonde.

Verduidelik kortliks hoe sonbroodoonde 'n positiewe impak op die gemeenskap kan hê, veral vir landelike vroue. Dit is belangrik dat jy maatskaplike, omgewings- en ekonomiese impakte bespreek.

6. Hoekom is dit belangrik vir gemeenskappe om saam met NRO's (nieregeringsorganisasies) te werk, en watter probleme kan in die toekoms ontstaan?
7. In die gevallestudie word die rooster van grondbone en die uitdroging van groente genoem. Kan jy aan ander maniere dink waarop sonenergie gebruik kan word om die lewenstandaard in 'n landelike gemeenskap te verhoog?

## Memo

1. Burkina Faso
2. 1 000 brode
3.  $40 \times 30 = 1\,200$  kg
4. Brood moet steeds op bewolkte dae gebak word.

### 5. Maatskaplike impak

- Werkskepping
- Vaardigheidsontwikkeling
- Tegnieese, entrepreneurs- en bestuursopleiding
- Koopkrag as 'n inkomste verdien word
- Verbetering van lewenstandaarde en lewensgehalte
- Vermindering van geslagsongelykhede
- Verbeterde gesondheid – as 'n direkte gevolg van inkomstegenerering
- Kan kinders skool toe stuur

### Omgewingsimpak

- Skoop, hernubare energie
- Verlaagde vlakke koolstofdioksied
- Verminderde ontbossing – bespaar 40 kg hout per dag per stoof

### Ekonomiese impak

- Gekoppel aan maatskaplike impak

- Plaaslike gemeenskapsontwikkeling word ondersteun
  - Verskillende produkte kan gebak of gebraai word, wat inkomste verhoog
6. Dit sal lei tot volhoubare gemeenskapsgebaseerde ontwikkeling, wat 'n grondvlakinisiatief is. Samewerking met NRO's is belangrik vir vaardigheidsontwikkeling, opleiding en finansiële steun in die aanvanklike fases. As hierdie praktyk nie gevolg word nie, kan gemeenskappe afhanklik van hulp word, wat beteken die projek is nie volhoubaar nie.
7. Moedig die leerder aan om kreatief te dink.

'n Paar idees:

- Watersuiwering
- Melksuiwering
- Gemeenskaplike kombuise – gemeenskaplike kook
- Dink aan maniere om ander projekte verbonde aan hernubare energie te ondersteun, soos bioverteerders
- Songeisers
- Sonpanele vir ligte in die huis en in die gemeenskap om sekuriteit in die nag te verbeter